

Openingspreek tydens die Algemene Sinodesitting op 6 Oktober 2013 in Port Elizabeth

“Ek weet my enigste troos - of ek nou lewe of sterwe - is dat ek met liggaam en siel nie aan myself nie, maar aan my getroue Verlosser, Jesus Christus, behoort. Hy het met sy kosbare bloed vir al my sondes ten volle betaal en Hy bewaar my vandag nog op so 'n manier dat, sonder die wil van my Hemelse Vader, daar nie 'n haar van my kop kan val nie.”

Wat is die enigste troos vir die NG Kerk in die jaar 2013?

Dat hierdie kerk nie aan haarself behoort nie, maar aan haar Hoof en getroue Verlosser, Jesus Christus. Hy het met sy kosbare bloed ten volle vir ons sondes betaal. Hy het hierdie kerk deur die eeue en tot vandag toe - deur dwaling en ook deur waarheid - op so 'n wyse bewaar dat daar sonder die wil van ons Hemelse Vader nie 'n haar van ons kop kan val nie.

En die gemeente sê almal “Amen”.

Amen.

Ons vier vanjaar die 450ste verjaarsdag van die Heidelbergse Kategismus en soos u sou gehoor het ek het sopas die eerste vraag en antwoord aangehaal.

Vir die Skriflesing vanaand was ek gelukkig dat die liturgiekomitee my ingeroep het; my eintlik van 'n opdrag voorsien het en gesê het “Jy hoef nie te bid en te dink oor die teks nie – die Here het dit vir ons gegee”. En dis goed so, en daarom lees ek vir julle Genesis 18. En julle sal sien op die tafel is die pragtige kunstenaarsvoorstelling waaroor julle later in die week sal praat. Dis 'n tipe kommentaar op hierdie teks. Ons gaan eers terug na die teks self toe en lees uit Gen. 18 en daarna sal ek graag vir u, susters en broers, ook die interpretasie van dié Skrifgedeelte uit Hebreërs hoofstuk 11 lees.

Kom ons luister na die Woord van die Here in die wonderlike wete dat in ons tradisie sê ons: *praedicatio verbum Dei est verbum Dei*. Met bewing sê ek dit natuurlik ook vanaand: die gepredikte Woord van God *is* die Woord van God.

Die Here het aan Abraham verskyn by die groot bome van Mamre. Die warmste van die dag het hy by sy tentdeur gesit, toe kyk hy op en hy sien drie mans daar naby staan. Toe hy hulle sien, het hy van sy tentdeur af na hulle toe gedraf en voor hulle gebuig. Hy het gesê: “Menere, u sal my 'n guns bewys deur nie by my verby te gaan nie.” En dan ken u die verhaal: hy nooi hulle in vir 'n bietjie water, hy was hulle voete soos tipies van die ou Nabye-Oosterse tradisie. Hy sê: “Ek sal vir julle 'n stukkie brood gaan haal dat julle weer bietjie nuwe krag vir die pad kan kry.” En hulle antwoord en sê vir hom: “Dis goed so. Kom ons maak so”.

Op die punt weet ons sê die teks is Abraham nie seker wie dié mense is nie. Later as mens die teks mooi lees verstaan ons dat dit 'n verskyning is van die Here self, vergesel van twee engele – dis hoe ons die drie mans moet verstaan.

Abraham gaan toe gou na Sara toe in die tent en hy't vir haar gesê “*Vat 16 kg meel*” – dis nogal baie – 16 kg meel; “*knie dit, bak roosterkoek*”. Hy het beeste toe gedraf; hy't vir hom 'n mooi jong kalf gevat; hy't vir 'n slaaf gegee om dit voor te berei, hy't botter en melk gevat en alles voor die mans neergesit en hulle het daar onder die boom geëet terwyl hy hulle bedien.

En nou begin die teks die geheime stadig maar seker uitlê. Hulle vra vir hom 'n snaakse vraag: “*Waar's jou vrou, Sara?*” Hulle het haar nog nooit gesien nie, maar hulle weet van haar. Hy antwoord: Nee, sy's hier in die tent.” Toe sê die een man – ons weet nie watter een nie –

veronderstel miskien die Here self: *"Ek sal beslis volgende jaar hierdie tyd na jou toe terugkom en dan gaan jou vrou Sara 'n seun hê"* Sara het by die tentopening gestaan en afliuister en die een wat gepraat het, was aan die buitekant. En dan vul die teks ons nou in en dan later in die uitleg sal u sien dis alreeds ek dink die sesde of sewende keer dat die aankondiging gedoen word oor die kind wat hulle sou kry:

Abraham en Sara was albei baie oud. Sy was verby die ouderdom van kinders in die wêreld bring en sy't by haarself gelag en gedink: Sal ek nog genot kan hê nou dat ek afgeleef is? En dit nogal met 'n ou man wat te oud is? Tipies, die menslike reaksie. En nou maak die teks duidelik wie hier eintlik aan die woord is. Vers 13 sê nou:

Toe vra die Here – een van die drie mans – vir Abraham: "Hoekom lag Sara? Waarom vra sy: Sal ek werklik 'n kind in die wêreld bring nou dat ek so oud is?" En dan ons teks vir vanaand, in oorleg met die liturgiekomtee: *Is iets te buitengewoon vir die Here?* In die ou vertaling: *Sou iets te wonderbaar wees vir die Here?* *"Op die vasgestelde tyd sal Ek terugkom. Volgende jaar hierdie tyd sal Sara 'n seun hê."* Sara het geskrik en toe vertel sy 'n leuen. *"Ek het nie gelag nie," het sy gesê sy. Maar die Here sê vir haar: "Ek weet jy het gelag vir my belofte."*

En dan die interpretasie daarvan in Hebreërs 11, wat 'n interessante lees van die teks self ook inhou. Vers 1 net eers – u weet dis die hoofstuk oor die geloofshelde. Ek sal netnou by die uitleg 'n bietjie net die agtergrond skets: *Om te glo is om seker te wees van die dinge wat ons hoop; om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie. Dit is immers vanweë hulle geloof dat daar oor die mense van die ou tyd – waarvan die lang lys nou sal volg met Abraham as 'n voorbeeld, met soveel lof getuig is. Omdat ons glo, weet ons dat die wêreld deur die Woord van God geskep is. Die sigbare dinge het dus nie ontstaan uit iets wat ons sien nie.* En dan volg die bekende lysie en ons lees nou net die stukkie oor Abraham van vers 8 af: *Omdat Abraham geglo het – die teks vertel ons nou nie hoe hy eers gesukkel het nie; dis nou interpretasie – Omdat Abraham geglo het, het hy gehoor gegee toe God hom geroep het om weg te trek na die plek wat hy as sy erfdeel sou ontvang. Hy het weggetrek sonder om te weet waar hy sou uitkom. Omdat hy geglo het, het hy in die beloofde land gaan woon, hy was 'n vreemdeling in 'n vreemde land. Hy het daar in tente gewoon, en so ook Isak en Jakob wat saam met hom erfgename van dieselfde belofte was, want Abraham het uitgesien na die stad wat vaste fundamente het en waarvan God self die ontwerper en bouer is. Omdat Abraham geglo het, het hy, hoewel Sara onvrugbaar was – u hoor die interpretasie van die teks – en hy al te oud, dat sy krag ontvang het om 'n kind te verwek, omdat hy God wat dit beloof het, getrou geag het. Die gevolg hiervan was dat daar van een man, 'n man wat nie meer 'n kind kon verwek nie, kinders afgestam het so talryk soos die sterre van die hemelruim en so baie soos die sand van die see.*

Terwyl hulle steeds geglo het, het al hierdie mense gesterwe sonder om te verkry wat beloof is, maar hulle het dit uit die verte gesien en daarvoor gejuig, en hulle het erken dat hulle hier op aarde slegs vreemdelinge en bywoners is. Mense wat so praat, gee daarmee duidelik te kenne dat hulle op soek is na 'n vaderland. En dan vers 17 en 18: Ten slotte: *Omdat Abraham geglo het, het hy, toe hy op die proef gestel is, Isak as offer afgestaan. Ja, hy wat die belofte ontvang het en aan wie gesê is: "Uit Isak sal jou nageslag gebore word," het gereed gestaan om sy enigste seun te offer. Hy was daarvan oortuig dat God by magte is om uit die dood op te wek, waaruit Abraham vir Isak ook, om dit so te stel, terug ontvang het.*

Tot daar is ons Skriflesing. Dis nou my voorreg om 'n paar gedagtes met u rondom hierdie teksverse te deel.

Ek wonder, susters en broers, wat sou die reaksie wees as 'n engel van die Here vanaand by die Sinode sou opdaag, of kom ons gaan selfs verder, die Here self, en Hy maak 'n paar aankondiging oor die Nederduits Gereformeerde kerk. En Hy sê: "Oor tien jaar, as ek weer by julle verbykom, gaan julle in een verenigde, Suider-Afrikaanse Gereformeerde kerk bymekaar wees waar dit nie nodig sal wees om groete vir mekaar oor te dra nie, maar waar julle klaar as één kerk, as 'n simbool van die eenheid tussen Vader, Seun en Heilige Gees, bymekaar is."

Julle kan sê: "Dit mag dalk wees". Maar dan gaan die Here nog 'n bietjie verder, Hy sê: "En by dié geleentheid sal daar ook die twee susterskerke aansluit om te sê: Ons wil graag deel wees van hierdie nuwe sigbaarmaking van die misterie van die eenheid tussen Vader, Seun en Heilige Gees." Julle kan sê: "Miskien die Gereformeerdes; maar nie so seker van die Hervormers nie." En dan gaan die Here verder en Hy sê: "Nee, ek wil ook vir julle sê Ek sal terugkom na julle toe op 'n gegewe tyd en al die kerke wat uit julle sendingwerk in die Suidelike deel van Afrika ontstaan het, soos die Mosambiekse Gereformeerde kerk; die kerk in Malawi; die kerk in Zambië; die kerk in Namibië ... hulle gaan almal in een Sinode bymekaar wees as 'n uitdrukking van die misterie; die sigbaarmaking van die Heilige en Drie-Enige God."

En as julle dan sê: "Dis 'n bietjie kwaai." Dan praat ek soos die Here: "*Sou iets vir God te buitengewoon wees?*"

Want u sien, die groot gevaar van 'n kerk is om die rasionaliteit van sy tyd oor te neem, en dan te skat wat sal kan werk, en dan neem hy sulke besluite. Wel, dit is gewone en maklike besluite. Buitengewone besluite is om besluite te neem wat jou laat skrik oor die moontlikheid omdat God dit belowe het.

Sê nou die Here kom vanaand na hierdie Sinode en Hy sê vir julle: "Ek sal op 'n tyd na julle toe terugkom en julle sal verbaas wees, maar oor tien jaar sal die NG Kerk in hierdie groter verband sy publieke stem herwin. Julle sal kundige advies gee aan die staat oor hoe lyk 'n ekonomie wat gebaseer is op die Evangelie van Jesus Christus. Een keer 'n jaar sit die hele land en asem ophou rondom die *State of the Nation* toespraak van die President - wie dit ookal sou wees - en rondom die begroting, en die groot Gereformeerde Kerk van Suider-Afrika is daar om te sê: "Let us tell you the true state of the nation in the light of the Word of the Lord. Let us tell you what the priorities of the budget should be in the light of the Word of the Lord".

Wat sal julle antwoord as die Here sê die NG Kerk sal 'n nuwe stem hê omdat ons die vergifnis van die bloed van die Here Jesus Christus oor ons eie verlede aanvaar? En daarom nie meer 'n gevangene is van wie ons was nie, maar in Christus vier dat ons 'n nuwe kerk is, want God belowe as ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons van al ons sondes te vergewe.

En die Here sê: "Julle het 'n ooreenkoms met Naspers aangegaan om op MNet 'n toegewysde kanaal te hê waar die Evangelie bespreek en bepreek word, omdat ons ons publieke stem herwin het."

Wat sal ons sê as die Here vanaand na die NG Kerk toe kom en belowe: "Ek sien in my geestes oog as ek sal terugkom na julle oor 'n paar jaar – miskien oor tien jaar – dat jongmense wat op die oomblik uit die NG Kerk uitgaan, terugkom na die kerk toe vanweë die integriteit van die Evangelie wat hulle hier hoor."

Bonhoeffer sê sommige Christene loop rond in die stad soos bloedhonde wat snuif om te ruik waar kan hulle 'n kerk vind wat genade teen die goedkoopste prys verkoop – dan sluit hulle daar aan. Ons jongmense vat nie meer godsdienstige speletjies nie; hulle sien dwarsdeur so 'n religie. Hulle soek integriteit. En hulle is hier omdat hulle die ware Evangelie hoor en die gepredikte Woord waarop ons staan, relevant toegepas op die tyd. Dis die sterk punt van ons tradisie wat deur die Pentakostaliste oorgeneem is – ongelukkig met 'n Biblisme wat nie op die lang duur kan hou nie. Ons sal ons liturgie so vernuwe dat ons sal behou dit wat die Here deur die eeue vir ons gegee het, maar ook sal aansluit by die tyd. Maar versigtig sal wees om nooit só aan te sluit by die tyd dat ons onself sekulariseer tot by die punt waar jy dink jy maak jouself relevant, en hoe meer jy jouself relevant maak, hoe meer raak jy irrelevant. Omdat broers en susters, daar's net een relevante saak wat die NG Kerk oor beskik, en dis die Evangelie van ons Here Jesus Christus.

Wat sal u reaksie wees as die engel van die Here vir u sê: "Ek sien oor tien jaar kom Ek terug en julle het dertig jaar gekyk na Belhar..." En natuurlik sou 'n mens hier en daar 'n formulering kon anders maak – spesifiek ook Artikel 4 – maar dit was waar van al die belydenisse deur die eeue. Die mense het gestry oor die *homo-ousios* van Nicea en gesê die woord kom nie in die Bybel voor nie. Oor NGB Artikel 36 het hulle gestry en gesê dit kan tog nie waar wees in 'n demokrasie nie, sodat sinodes en die kerke in Nederland selfs spesiale besluite moes neem om te sê hoe lê ons hierdie deel van die geloofsbelijdenis uit. Daar's mense wat sê Dordt getuig te veel van die Gereformeerde Ortodoksie as hulle praat oor die uitverkiesing – daarom moet ons daardie teks ook versigtig hanteer. Maar ons verstaan wat die teks wil sê.

En toe't die NG Kerk gekom en hy sê oor Belhar: "Ons het gehoor dis die boodskap van die Here vir ons tyd. Ons het nie nog baie tyd nodig om te bestudeer nie. Gelukkig het die Here ons van 1990 af gelei om te sê: 'Hierdie getuigenis uit ons eie midde wat ons so seer gemaak het, is die Woord van die Here vir ons tyd. En ons lees hom nie meer deur sy geskiedenis en wie't hom geskryf en watse politieke motiewe dit was nie. Ons vra net een vraag: Stem dit ooreen met die Skrif, die Heilige Bybel en ons tradisie?"

Wat sou u sê as die Here vanaand na die NG Kerk toe kom en sê: "Ek sien julle verkoop julle kerke in die middestede – nie oor daar nie meer mense is nie, maar oor daar 'n ander tipe mense intrek waaraan julle nie gewoond is om hulle te bedien nie." Dat die Here sê: "Ek sien in my profetiese oog dat in die volgende dekade gaan die NG Kerk sy bediening verander, omdat hy die Evangelie liefhet, en omdat hy die Evangelie glo wat sê so lief het God die hele *wêreld* gehad; die Evangelie is 'n krag van redding vir die Jode, die Grieke en vir *almal*." Soos in hierdie stad Port Elizabeth is presies dieselfde skema wat in ander stede homself herhaal: die middestad word deur ander mense as ons tradisionele lidmate betrek en God het in hierdie stad in die ou Moedergemeente 'n getuigenis opgestel oor wat moontlik is: Klein, miskien onbelangrik, maar broers en susters, belangrik vir die Evangelie. Omdat ons geleer het om uit ons etniese verlede te ontsnap en die Evangelie te bring vir almal wat dit wil hoor. Al is dit dan nou ook nie in Afrikaans nie. Want die NG Kerk was nog *nooit* 'n FAK of die Voortrekkers nie. Ons was draers van die Evangelie van Jesus Christus in die pragtigste taal wat uit Afrika kom: Afrikaans, maar dit gaan oor die evangelie en nie oor taalbehoud nie.

Laastens kan die Here – en die lysie kan lank gemaak word, en miskien verskil sommige van die lysie – dat die Here vir ons vanaand sê: "Ek sien 'n ongelooflike geestelike verdieping in die NG Kerk." Die ou idee dat om 'n dominee te word, is om sosiale status te kry, is verby. Ons verstaan wat beteken dit dat die mooiste titel vir 'n predikant is *verbi divini minister*, bedienaar – luister na die woord; nie prediker nie – *bedienaar*, slaaf, *doulos* van die Goddelike Woord. En dat dit 'n kerk geword het wat terugkeer na ons Piëtistiese tradisie en spesifiek die mooi kant daarvan wat sê jy moet die Here Jesus as jou persoonlike Verlosser ken. Jy moet 'n binnekamer hê waar jy bid. Jy

moet 'n warm liefde hê vir ander. Jy moet leef onder die leiding van die Heilige Gees. En die idee dat die nagmaal elke drie maande bedien word – daar is geen teologiese gronde daarvoor nie. Ons sal dit vanaand doen, maar ons keer terug na die tradisie dat elke Sondag vier ons die nagmaal. Hoekom? Want dis die sigbare verkondiging van die beloftes van God en as ons geloof swak raak, dan versterk die Here ons in daardie geloof. God sien 'n NG Kerk wat geestelik nuut raak en wie se predikante dienaars is - mans en vroue van God.

Hoe sal ons daarop reageer, broers en susters?

En nou keer ons na die geskrewe gedeeltes wat ons gelees het. Rondom die jaar 64 na Christus skryf die Hebreër briëfskrywer aan 'n groepie *Joodse Christene* – dit weet ons - wat naby Rome woon. Hulle is vasgedruk van twee kante af: Aan die een kant is die Romeinse Ryk wat begin om die Christene al hoe meer te vervolg. Ons lees dit en ons kry sketse hier en daar in die Hebreërs brief - hulle goed is afgevat; hulle eiendom is gekonfiskeer: hulle lewe was in gevaar. Aan die ander kant sit hulle met hulle ou Joodse broers en susters wat sê: Noudat julle Christene geword het, het julle ons gemeenskap verlaat. Dus sluit ons julle ook uit.

Hier sit hulle in die middel vasgekeer. Waaraan kan hulle dan anders vashou as om te luister na die beloftes van Christus? En julle almal is predikers vanaand en julle weet wat ek gaan sê: Daar's net een Hoëpriester, die Here Jesus Christus. Moenie terugkeer na die wet nie; moenie terugkeer na die ou gebruike wat julle ken nie. Hou vas aan die enigste hoëpriester, Jesus Christus, wat sit aan die regterhand van die Vader wat *eens en vir altyd - ephapax - vir al* ons sondes versoening gebring het. En dan lees ek vir julle die teks wat net voor hoofstuk 11 kom: *Laat ons dan styf vashou aan die hoop wat ons bely, want God is getrou. Hý doen wat Hy belooft het. Hý doen wat Hy belooft het.*

Dieselfde met Abraham. Hy soek God nie; God roep hom. Hy's saam met sy pa by die Ur van die Galdeërs. Hy aanbid vreemde gode. Die Bybel sê nie vir ons hoe dit presies gebeur het nie. God roep hom – hy trek. God sê vir hom: Ek maak jou die beginpunt van my spesiale verbondsvolk. En dan – *ses keer* sê die Here vir hom: "Ek gaan jou tot 'n groot nasie maak", en die teks is baie duidelik: dis elke keer 'n *bonatuurlike* gebeure: Gen 12 vers 17: *Hy (God) verskyn aan Abraham by Sigem en Hy sê vir hom ek gaan vir jou nageslag groot maak.* In hoofstuk 17 vers 1 sê die teks Abraham was 99 – hy was al oud. God het weer aan hom *verskyn*. Hy verander sy naam van Abram na *Av-rabbim* (die vader van baie). Hy verander sy vrou se naam van Sarai na Sara. Hy stel die besnydenis in omdat Hy sê: *Uit jou sal 'n groot nasie gebore word.*

En dan kom ons by die teks wat ons vanaand gelees het. Asof God vir Abraham wil help om te hoor, en in die tradisie van die inkarnasie, verskyn Hy dan as 'n mens, 'n besoeker. En dis waar die pragtige ikoon wat vir ons voorberei is, probeer om dit in skilderkuns vas te vat. Ja, God verskyn as 'n mens; as 'n vooruitskouing van Christus om Self die belofte vir Abraham oor te dra.

Nou, broers en susters, 'n mens sou gedink het as God mooi dinge vir 'n kerk of vir mense soos Abraham belowe, dat mense dit dadelik sal aangryp en sê: "Here, baie dankie vir u *fantastiese* beloftes! Dankie dat U vanaand met ons hierdie droom oor die NG Kerk kom deel het." Dit sou ons natuurlik maklik kon sê. Die Bybel sê vir ons dit is nie die menslike reaksie op God se beloftes nie. Ongelukkig nie.

Die eerste is ons dink ons is 'n bietjie beter as die Here en ons kan Sy beloftes namens Hom op 'n manier tot vervulling laat gaan wat darem lyk dat dit realisties sal kan uitwerk. En die voorbeeld is duidelik. Nadat God vir Abraham gesê het 'n groot nageslag sal uit jou en Sara kom, sê hy: "Here, nee hierdie ding gaan nie uitwerk nie. Wat van Eliëser?" Die man van Damaskus; Genesis 15 vers 2.

"Kan hy nie dalk die een wees deur wie U hierdie erfgenaambelofte kan waarmaak nie?" Dan sê die Here vir hom: "Nee".

Sara self, hoofstuk 16, al lank voor die laggery by die tent, sê sy vir Abraham: "Luister man, ek en jy is klaar met die wêreld." Dis bietjie vry vertaal, maar ek bedoel hulle is klaar met die wêreld. "Gaan nie werk nie. Jou slavin is nog vrugbaar. Gaan slaap by haar. Verwek 'n kind by haar. En uit daardie kind uit sal God sy nageslag laat kom." En die mooi is, die Bybel sê *en Abraham het daarmee saamgestem*. Die ou man vat weer 'n jong meisie. Al bedoel God anders, gaan Abraham natuurlik voort. Ismael word gebore. Ons almal ken die verhaal. "Nee!, " antwoord die Here. "Ek sal my verbond nakom. Op die wyse wat Ek dit belowe het. Moenie surrogaatvervullings inwerk omdat jy dink dis rasioneel nie."

Sou enigiets vir die Here te wonderbaar wees?

Die gevaar vir 'n Sinode is om die wonderwerkende God buite rekening te laat. Die grootste gevaar vir 'n kerk is om klein te dink oor God. Om God in te boks in jou tradisie, jou geskiedenis, jou taal, jou gebruike, *or for that matter*, jou Kerkorde.

Nee, broers en susters, as God vanaand by die NG Kerk kom staan, en Hy sê "Ek gaan terugkom oor tien jaar", dan's almal van ons te vroom om te sê: "Here, ons glo dit nie". Maar binnekant is ons net soos Sara: "Ha-ha-ha". Dis 'n bietjie kwaai: een Suider-Afrikaanse gereformeerde kerk? Hei... Jy weet nie wat die moeilikheid is na daai ding toe nie! Jy't nog nie gehoor van pensioenfondse en hofsake nie... Het jy al gehoor van *kerkgeboue* – dan't jy nog nie eers gepraat van pastorieë nie. En moenie eers die mediese fondse bybring nie: dis moeilikheid.

Dan lag jy in jou binneste.

God is natuurlik wonderlik. Hy laat die seun wat gebore word, se naam noem "Hy wat lag" (Isak). Want God keer die lag om. Daarom sal die grootste fout wees, Broers en susters, om in hierdie Sinodesitting na die NG Kerk te kyk, 'n SWOT-analise te doen, en dan te sê: "Dink julle ons het 'n kans om hierdie drome waar te maak?" Die NG Kerk is 'n wit kerk en hy sal nooit uit sy etniese verlede kom nie. Die NG Kerk het na 30 jaar nog nie oor Belhar besluit nie – ons stel dit aanmekaar uit en ons gaan dit *nog* tien jaar uitstel. Ons stem in die publieke sfeer is doodstil – ons is gelukkig as ons die Volksblad haal. "NGK" staan nou in die publiek vir vonkproppe, en "DRC" in Engels staan vir die Democratic Republic of the Congo. Ha-ha-ha, lag ons en ander.

Dan kom die Bybel. Nou interpreteer Hebreërs 11 so bietjie met 'n positiewe terugkyk. Maar natuurlik in die genre van die hoofstuk is dit reg so. *Omdat hy God wat dit beloof het, getrou geag het, het Abraham krag ontvang om 'n kind te verwek*. Dis mos nou goeie Bybelse, en kan ek maar vir u sê Gereformeerde teologie: die Evangelie se waarheid lê nie by ons *gevoel* oor daardie evangelie of ons vermoë om daardie evangelie uit te voer nie, maar dit lê vas en objektief in die karakter van wie God Self is. Sy Naam is "Ek is". En Hy is getrou om sy beloftes waar te maak.

Maar dis nie speletjies nie. Nou word Isak gebore; die "een wat lag" met 'n ander betekenis. Nou sê God vir Abraham: "Kom bietjie hierso. Gaan ons hier teen die berg op. Ek wil hê jy moet jou seun offer."

Nou moet u dink wat in Abraham se kop aangaan. Die *enigste*, die enigste wonderbaarlike manier wat God skep om sy belofte waar te maak, plaas God nou self op die spel. God is in kontradiksie met Homself. So kan Abraham tereg dink. En dan sê Hebreërs 11: *Omdat hy God so vertrou het dat hy gesê het ek sal Isak offer, en as God deur Isak hierdie belofte wil waar maak, dan sal Hy hom uit die dood uit opwek*. Ek hoop u hoor: *Sou iets vir die Here te buitengewoon wees?*

Maar hier is 'n tweede dimensie aan hierdie saak. 'n Mens kan net God se beloftes hoor en hulle sien waar word, as jy verstaan dat jou status in die wêreld is een van *bywoners, vreemdelinge en tentbewoners*. Ek haal aan uit Hebreërs 11, maar natuurlik verwys dit ook na Abraham wat eers in 'n tent gewoon het in die land wat hy as 'n vaste belofte van God ontvang het. En broers en susters, 'n bywoner – dié van u wat van die ou plase afkom – dis 'n man wat daar op die plaas bly. Die boer besit die plaas; die bywoner hy bly êrens in 'n klein huisie. Hy werk op die plaas en so trek hy maar rond van plaas na plaas. Hy besit geen grond nie – hy woon net by. Hy's tydelik daar. Hy't nie penne in die grond nie; hy't nie kaart en transport nie.

'n Vreemdeling is iemand wat met 'n paspoort rondloop in Suid-Afrika en sê: "Ek is 'n vreemdeling hier. Ek kom van Malawi af, of Amerika, of die Nederlande. Ek is net tydelik hier. My eintlike vaderland is op 'n ander plek, maar hier's my bewys." 'n Tentbewoner, in Bybelse taal, is nie iemand wat Kersfees by Jeffreysbaai gaan kamp nie. Dis 'n lekker plek, as die wind nie waai nie, met goeie branders. Nee, 'n tentbewoner is iemand wat aan die beweeg kan bly agter God se beloftes aan.

En nou's dit baie mooi om te lees, en u almal het al baie hieroor gepreek – dis nie nuut vir u nie – *Abraham het getrek sonder om te weet waar hy sou kom*. En dis die doodskoot vir 'n kerk. Want ons haat onsekerheid. Ons haat dit om nie te weet nie. Want die bestuurskunde en die empiriese wetenskappe het die teologie ook geïnfiltreer. In plaas van dat ons aanvaar wat die definisie van die Bybel in Hebreërs 11 vers 1 skryf: *Geloof is om te glo die dinge wat jy nie kan sien nie, en om seker te wees van die dinge wat jy hoop*.

Dis interessant dat die volk wat uit Egipte saam met Moses getrek het – miskien het ek dit êrens gemis – nêrens in daardie Eksodustekste lees ons dat die volk vir Moses sê: "Kom ons trek 'n bietjie vinniger na Egipte; kom ons beweeg uit Egipte uit na die beloofde land toe" nie. Nee, hulle kla die hele tyd langs die pad. As dit nie die son is nie, dan's dit die water. As dit nie die water is nie, dan is dit die kos. En nou sê Hebreërs by implikasie: Hulle wil altyd weer terugtrek na Egipte toe. Weet u hoekom? Want in Egipte was hulle ten minste seker waar hulle is. Maar nie in die woestyn nie. In die woestyn moes hulle *volledig van God afhanklik lewe*. As hulle in die oggend opstaan, moes hulle op die duine gaan soek vir stukkies brood en 'n paar dooie voëltjies. Ses dae van die week. "Jahwe, as U nie vandag vir ons die skaduwee bokant ons kop sit nie, dan brand die son hier vir ons dood. Jahwe, God van Israel, as U nie vannag vir ons die vuurkolom stuur nie, het ons nie 'n idee waar ons loop nie, en het ons het nie GPS nie." Maar dis swaar vir 'n kerk om dit te doen. Veral 'n gevestigde kerk soos ons s'n.

En daarom bring ek David Bosch met graagte in, omdat ons dié week ook bietjie oor die Oos-Kaap wil praat vanwaar hierdie wêreld-teoloog kom. David Bosch sê jy kry twee soorte kerke: mitiese kerke wat verlede-geïntereerd is; wat veral gerig is op hulle selfbehoud. Hulle is ekumenies geslote. Hulle hou heelyd vas. En dan kry jy Messiaanse kerke wat toekomsgerig is. Wat kan trek soos Abraham sonder om te weet waar hulle sal kom. Wat op weg is saam met Jesus Christus omdat hulle dissipels is van die Here Jesus Christus.

Broers en susters, die groot ding van die Gereformeerde kerke, vanaf die Reformasie, was dat ons nooit oor ons identiteit sekerheid het nie. Die Katolieke weet presies wat die Ensiklike is; hulle weet presies waar die gesag van die Pous is. Ons weet dit nie. Die Lutherse kerk weet presies wat in die Augsburgse Konfessie staan, soos uitgelê deur die boek van die Konkordie. Dit kan nie anderster gesê word nie; hulle *naam* sê ook: ons is 'n *Lutherse* kerk. Vas, klaar – hulle weet waarheen hulle gaan. Die Oosters-Ortodokse kerke sê ons staan by die groot Ekumeniese Konsillies. Dit is vir hulle die waarheid en daarby staan hulle totdat Christus weer kom.

Nie ons nie, broers en susters! Ons tradisie sê jy's altyd op weg onder leiding van die Woord en u almal ken dit: altyd weer gereformeer na die Woord van God. Ons is 'n reisende tradisie. Aan die hand van God se Woord. Sonder om te seker te wees, behalwe dat God dit belowe. Behalwe dat dit is wat die Woord van God sê.

En nou weet ek dis swaar om dit vir onself te sê, maar as die NG Kerk sy visie op die hemel verloor het, op die ander Vaderland, is dit klaar met ons. Julle kan maar in die teologie gaan lees: die oomblik as jy eskatologie (toekomsverwagting) uit die teologie uithaal, het jy probleme. Want dan sluit jy die toekoms toe, en jy raak vreeslik besig met jouself. Ja, jy lyk beweeglik en jy't planne en jy't projekte en jy't taakspanne en jy't sinodes en jy't kommissies, maar jy maak nie een spoortjie vorentoe vordering nie - omdat jy te seker weet en niks nuuts van God meer verwag nie.

Nou kan u vir my vanaand sê: "Nee dis goed so. Ons hoor hierdie moontlike beloftes van God vir ons." Kom ons ... kom ons sê dit sterker: Ons hoor hierdie *groot* woorde van God vanaand, wat ons in Port Elizabeth kom ontmoet; in hierdie *frontier country*, hierdie grens-gebied waar ons op die grens staan tussen verskillende werklikhede. Vanaand hier is die grens tussen die NG Kerk voor 2013, en die NG Kerk daarna. ... Julle kan praat: "Ons sal dit begin glo as dit begin waar word. As ons sien dinge begin verander..."

Maar Hebreërs 11 vers 13 sê: *Terwyl hulle steeds geglo het, ... die mense gesterwe sonder om te verkry wat beloof is...* En ek herinner u aan Abraham. Toe Abraham die dag dood is, was sy nageslag so groot soos een: Isak; hahaha – hy wat lag. Hy't nie geweet van die res nie. Weet u hoeveel grond het Abraham besit die aand toe hy sy oë toemaak? Nie die land Kanaän en alles wat God belowe het nie. Hy't net die spelonk Magpela gehad waarin hy Sara voorheen begrawe het. Maar wat sê die Bybel? ... *hulle het dit uit die verte gesien...*, bedoelende hulle het die vervulling van die beloftes uit die verte gesien en hulle het ... *daaroor gejuig...*

U sien dus die blydschap van 'n kerk hang nie af van dit wat jy kan sien gebeur en, "nou maak ons darem mooi vordering nie, hoor. Nee, lekker, mooi, mooi!" Die grond van ons blydschap is dat ons weet dat God aan ons belowe dat ons *sal* een kerk in Suid-Afrika wees omdat dit is wat Hy vra in die Skrifte - en laat ons nou nie storiëtjies daar rondom praat nie. *Hy* sal dit waar maak. En al sien ons hoe ons sukkel en hoedat die VGK dít doen, en die NG Kerk in Afrika doen dát, en ons praat nie eers van al die ander nie, en dan't ons nog nie eers die APK se naam genoem wat *wesenlik* deel van ons behoort te wees nie.

Hoekom juig ons? Hoekom verloor ons nie ons blydschap nie en sê "Ja mense, ek is *moeg* vir die NG Kerk"? Iemand vra my nou-die dag: "Why are you still in the Dutch Reformed Church?" Toe sê ek "well, for two" – dit was 'n Engelse konferensie so laat ek maar die taal van die onderdrukker praat – ek sê vir hom "Well, for two reasons: firstly – soos my kollega vroeër gesê het – I learned the gospel in that church; she is my mother." Oom Mike Smuts was evangelisasiepredikant in dié Sinode en het op Aliwal-Noord in hierdie provinsie gepreek op die eerste September 1970. In my geval kan ek dit nou sê en ek getuig dit voor God: Ek het sy stem daardie dag gehoor.

"And the second reason is – I can make a long list of all the problems in this church; and the disappointments in this church, but I can tell you one thing: it is the church of Christ. And as long as I believe in Christ as the head of the church, and believe in God who promises this church to be the church of Christ in South Africa, I will be in this church."

Hoop en blydschap gaan altyd saam. Ons sien dit uit die verte en ons is bly. Die mense wat verkies sal word om te lei. Laat dit 'n Sinode van groot verwagtinge wees, maar ook 'n Sinode van ongelooflike blydschap. Nie oor wat julle sien nie. Selfs nie eers oor die besluite nie. Selfs nie eers oor die moeilike besluite nie. Maar omdat julle God sien wat dit belowe.

Ek sluit graag af met die Heidelbergse Kategismus se heel laaste vraag en antwoord 129: "Wat beteken 'Amen?'" - nadat hulle die mooi Ons Vader gebed behandel het. Al die beloftes van God is natuurlik soos Korintiërs vir ons sê in Christus "Ja" en "Amen", en hulle word deur die Heilige Gees in ons harte bevestig. As ons bid, en ons kom aan die einde, en ons sê vir die Here ons bid hierdie beloftes vir die NG Kerk, dan sê ons "Amen". Want "Amen" beteken "dit wat vasstaan soos 'n rots"; dit is waar en seker.

En dan, broers en susters, dis so mooi vir my. U ken dit – skuus dat ek dit herhaal – die objektiwiteit van die Evangelie: "Want my gebed is baie sekerder deur God verhoor as wat ek selfs voel dat ek dit in my hart van Hom begeer." Kan ek dit weer vir u lees? Die toekoms van hierdie kerk is nie eers van ons verwagtings afhanklik nie. Want God hoor ons gebed en as ons dan sê "Amen" is dit waar en seker. Want ons gebede vir hierdie kerk is baie sekerder deur God verhoor as wat ons dit selfs in ons harte voel dat ons dit van Hom begeer.

Ek is vanaand 'n buitestaander by die Sinode. Ek is nie afgevaardig nie – ek gaan môre terug na my werk toe by die universiteit. Maar ek wil vir julle sê ek is opgewonde. Ek het hierdie week al hoe meer opgewonde geraak. Nie oor ek die agenda bestudeer het nie; maar omdat ek dieper ingekyk het in die karakter van God. En God maak my bly. En God sal die NG Kerk – en ander saam met ons - 'n seën maak vir hierdie land en vir hierdie kontinent.

Amen.

Kom ons bid:

Here, ons kom bely vanaand voor u dat ons ... ons is geleerde mense. Ons het grade. Ons is ... ons is rasonale mense en ons kan beplan. Ons doen dinge korrek. En Here, nou weet ons dis ook goed so. Maar Here, onse God, ons kom bely ook vanaand dat ons teologie en ons tradisie en ons gewoontes vir U baie klein kan maak. Dat ons so hier en daar 'n beloftetjie vat wat darem nou nie te kwaai vir ons lyk of vir ons klink nie. Here, onse God, laat U Gees van ons besit neem sodat ons groot oor U sal dink, soos wat U Uself in die Skrifte aan ons geopenbaar het. Sodat die Naam van God deur hierdie kerk en deur die familie wat in hierdie kerk besig is om te groei, onder die leiding van die Gees, helder en duidelik in Suid-Afrika; helder en duidelik op die kontinent van Afrika; helder en duidelik in die hele wêreld sal weerklink.

Hy wat dit belof het: ons ag Hom getrou. Ons sien dit uit die verte en daarom juig ons. Halleluja. En ons almal sê "Amen".

Amen.